WET OP ONDERHOUD VAN LANGSLEWENDE GADES NO. 27 VAN 1990

[GOEDGEKEUR OP 23 MAART 1990] [DATUM VAN INVOERING: 1 JULIE 1990]
(Afrikaanes teks deur die Staatspresident geteken)

soos gewysig deur Wysigingswet op Boedelaangeleenthede, No. 1 van 1992

WET

Om voorsiening te maak vir `n vordering vir onderhoud aan die langslewende gade teen die boedel van die afgestorwe gade in sekere omstandighede, en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

1. Woordomskrywing. –In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-
„eie middele'' ook enige geld of goed of ander geldelike voordeel wat die langslewende gade ingevolge die huweliksgoederereg of die erfreg of andersins by die dood van die afgestorwe gade toeval;
„eksekuteur'' `n eksekuteur soos omskryf in artikel 1 van die Boedelwet, 1965 (Wet No. 66 van 1965), of iemand wat in opdrag van die Meester `n boedel beredder en verdeel;
„hof'' 'n hof soos omskryf in artikel 1 van die Boedelwet, 1965;
„langslewende'' in `n huwelik wat deur die dood ontbind is die langslewende gade;
„Meester'' 'n Meester soos omskryf in artikel 1 van die Boedelwet, 1965.

2. Vordering vir onderhoud teen boedel van afgestorwe gade. –
(1) Indien `n huwelik na die inwerkingtreding van hierdie Wet deur die dood ontbind word, het die langslewende `n vordering teen die boedel van die afgestorwe gade vir die voorsiening in sy eie redelike onderhoudsbehoeftes tot by sy dood of hertroue vir sover hy nie uit eie middele en verdienste daartoe in staat is nie.
(2) Die langslewende het nie ten opsigte van `n vordering vir onderhoud `n verhaalsreg nie teen enigiemand aan wie geld of goed uitbetaal, afgelewer of oorgedra is ingevolge art. 34 (11) of 35 (12) van die Boedelwet, 1965 (Wet No.66 van 1965), of ooreenkomstig `n opdrag van die Meester ingevolge artikel 18 (3) of 25 (1) (*a*) (ii) van daardie Wet.
(3) (*a*) Die bewys van en beskikking oor `n vordering vir onderhoud van die langslewende geskied, behoudens paragrawe (*b*), (*c*) en (*d*), ooreenkomstig die Boedelwet, 1965 (Wet No. 66 van 1965).

(*b*) Die langslewende se vordering vir onderhoud beklee dieselfde rangorde teenoor ander vorderings teen die boedel van die afgestorwe gade as wat 'n vordering vir onderhoud van 'n afhanklike kind van die afgestorwe gade teen die boedel beklee of sou beklee het indien daar so 'n vordering was, en, indien die vordering van die langslewende en dié van 'n afhanklike kind met mekaar meeding, word daardie vorderings, indien nodige, eweredig verminder.

(*c)* In die geval van `n botsing tussen `n belang van die langslewende in sy hoedanigheid van eiser teen die boedel van die afgestorwe gade en `n belang in sy hoedaning van voog van `n minderjarige afhanklike kind van die afgestorwe gade, kan die Meester die langslewende se vordering vir onderhoud oorhou tot tyd en wyl die hof oor die vordering beslis het.

(*d*) Die eksekuteur van `n afgestorwe gade se boedel het die bevoegheid om `n ooreenkoms met die langslewende en die erfgename en legatarisse wat `n belang by die ooreenkoms het, aan te gaan, met inbegrip van die totstandbringing van ‘n trust, en ingevolge die ooreenkoms bates van die bestorwe boedel, of ‘n reg op bates, aan die langslewende of die trust oor te dra, of ‘n verpligting op ‘n erfgenaam of ‘n legataris te lê, ter voldoening van die langslewende se vordering of `n gedeelte daarvan.

[Par. (*d*) vervang deur a. 2 van Wet No. 1 van 1992.]

3. Bepaling van redelike onderhoudsbehoeftes. - By die bepaling van die redelike onderhoudsbehoeftes van die langslewende word, benewens enige ander faktor wat in aanmerking geneem behoort te word, die volgende faktore in ag geneem:

(a) Die bedrag in die boedel van die afgestorwe gade beskikbaar vir verdeling aan erfgename en legatarisse;

(b) Die bestaande en verwagte vermoëns, verdienvermoë, geldelike behoeftes en verpligtinge van die langslewende en die duur van die huwelik; en

(c) Die lewenspeil van die langslewende tydens die duur van die huwelik en sy ouderdom by die dood van die afgestorwe gade.

4. Kort titel en inwerkingtreding. - Hierdie Wet heet die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades, 1990, en tree in werking op `n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.